**19 Oktober**

**Skrifgedeelte: Psalm 21**
**Fokusgedeelte: Psalm 21:14**

## My lewe is in God se hand, daarom is die oorwinning van môre verseker

’n Mens se verjaardag is gewoonlik die dag waarop ’n mens graag terugkyk en vorentoe kyk in jou lewe – ’n dag van voorraadopname. As gelowiges kyk ’n mens dankbaar terug, want jy sien soveel gebede wat die Here verhoor het.

Dawid kyk ook terug en sien ’n gebed (Ps 20) van hom wat die Here verhoor het. Die Here het aan hom die oorwinning gegee. Daarom is daar blydskap by hom.

Self kan jy met blydskap getuig van oorwinnings wat die Here aan jou gegee het. Met die Here se krag kon jy al regkry om een of meer sondes te oorwin, en jy prys die Here. Alleen kon jy dit nie reggekry het nie, want daarvoor is jy te swak.

Die enkele oorwinnings van die verlede beteken egter nie dat die stryd verby is nie. Na die oorwinning wat die Here gegee het, sien Dawid daar is nog vyande wat sal poog om die volk van God onder te kry.

In jou vorentoe kyk vanwaar jy vandag staan, sien jy hoe gelowiges se aartsvyande, die duiwel, die goddelose mense en jou eie sondige geaardheid, dreig om jou van God af weg te rokkel. In plaas daarvan om bang te word, jouself in ’n bondeltjie te rol, staan jy regop. Die oorwinning wat die Here in die verlede gegee het, is maar net nog een van die oorwinnings wat Hy gegee het op grond van die oorwinning van Christus op Golgota.

En as jy vandag vorentoe kyk, staan jy nie net by vandag nie, maar by vandag wat gegrondves is in die oorwinning van Christus aan die kruis. Van hier af bid jy: Laat u mag ook in die toekoms seëvier, Here. My lewe is aan U oorgegewe. Die oorwinning wat U gaan behaal, is so seker dat ek nou reeds die lof en roem hoor wat ons aan U gaan sing.

*Psalm 21:1, 9 (1936-beryming)*

*Ds CCA Vrey (Rustenburg-Noordoos)*